

Jesus se Opstanding

Vorbereide leeswerk vir die aanbieder

Markus 16: 9 - 11

Johannes 20: 11 - 18

Markus 16: 14

Johannes 20: 24 - 31

Hulpmiddels vir die aanbieder tydens die aanbieding van die les

Wit paaseiers

Oorstokkies

Rooi voedselkleursel

Musiek

CD Speler

Lesinhoud

Daardie Sondagoggend was die son nog nie eers op nie, toe was Maria Magdalena by die graf. Omdat die vrouens die Vrydagmiddag voor die Sabbat so haastig was om klaar te kry met Jesus se begrafnis, het daar miskien nog kruie en speserye agtergebly wat die vrouens gebruik het om Jesus se liggaam te versorg en wou sy dalk net gaan seker maak alles is opgeruim en reg. Gedurende die Sabbat mag niemand van die Joodse geloof naby 'n lyk gekom het nie, want dit sou jou "onrein" maak om verder Sabbat te hou en na die tempel te gaan. Maria sien toe dat die swaar klip voor die graf-opening weggerol was.

Sy het onmiddellik omgespring en na die dissipels gehardloop. Maria het vermoed dat Jesus se vyande sy liggaam gesteel het en Hom op 'n ander plek gaan begrawe het.

Petrus en 'n ander dissipel het baie vinnig na die graf gehardloop. Petrus het uitasem binne in die graf ingegaan. (Onthou, die graf was soos 'n klein grot). Daar sien hy toe die linnelappe en grafdoeke wat eenkant lê. Die spesiale lap wat oor 'n lyk se gesig gesit is, het ook eenkant, netjies opgevou, gelê. Grafplunderaars en Jesus se vyande sou beslis nie sy liggaam gesteel het en dan nog die doeke mooi opgerol het nie. Maar, Jesus se liggaam was weg uit die graf!

Verslae is die twee dissipels terug huis toe.

Maria Magdalena het alleen by die graf agtergebly en het baie hard en bitterlik gehuil. Deur die trane het sy weer by die graf ingeloer om seker te maak Jesus se liggaam was weg. Daar sien sy toe twee engele sit, op die plek waar Jesus se liggaam was. "Vir wat huil jy so?" vra hulle vir haar. Maria was hartseer omdat Jesus dood was en omdat sy nie geweet het waarheen die diene Jesus se lyk gevat het nie. Met dié kyk sy op en sien iemand by die grafopening staan. Maria het gedink dit is die

man wat in die graftuine werk, en sy smee hom toe ook om Jesus se lyk vir haar terug te gee, as hy dalk die een is wat dit gesteel het.

Eers toe Jesus roep: "Maria!" het sy Hom herken en teruggeroep: "Rabbi!" Jesus sê toe vir Maria om vinnig na die dissipels te hardloop en vir hulle te gaan vertel dat Jesus oppad na sy Vader, God, is. Maria het soos die wind gehardloop en opgewonde vir hulle vertel dat sy Jesus lewendig gesien het.

Laat die Sondag, na sy verskyning vroeër die dag aan Maria Magdalena, was Jesus se dissipels en volgelingen nog bymekaar. Omdat hulle bang was vir die Joodse leiers, was die deure en vensters van die huis dig gesluit. Skielik het Jesus by hulle, in die kamer, gestaan.

Tomas was een van Jesus se getrouste dissipels. Hy was nie hierdie Sondag by die ander dissipels toe Jesus aan hulle verskyn het nie. Die Bybel gee nie vir ons sy rede of vertel waar hy was nie. Natuurlik kon die ander nie wag om hom te vertel nie. "Weet jy wat het jy gemis! Ons het vir Jesus gesien!"

"Nee wat, ek glo julle nie. Ek wil self die seerplekke van die spykers in Sy hande sien en daaraan raak. Ek wil ook die wond in Sy sy sien waar die soldate 'n spies ingedruk het. Ek wil my hand daarop sit en dit voel. Anders glo ek julle nie," het Tomas geantwoord. Tomas wou homself oortuig dat die ander nie net spoeke gesien het nie, maar dat Jesus werklik, met sy aardse liggaam vol pyn en wonde, opgestaan het.

Omtrent 'n week later was Jesus se getrouste vriende weer bymekaar. Hierdie keer was Tomas ook by. Al was al die deure weereens gesluit, was Jesus skielik by hulle. Net soos die vorige keer sê Hy: "Vrede vir julle."

Jesus het natuurlik geweet wat Tomas na sy eerste besoek gesê het. Nou nooi Hy vir Tomas voor al die ander uit om sy hand op Sy wonde te kom sit. Jesus wys ook vir Tomas Sy hande met die spykermerke. "Dit is Ek. Aanvaar dit," sê Jesus. "Moenie twyfel nie, Tomas." Arme Tomas. Hy was heeltemal oorweldig. "My Here en my God!" was al wat Tomas kon uitkry.

Jesus het eintlik so bietjie met Tomas geraas toe Hy sê: "Jy glo nou want jy het My gesien." Daar sou mense wees wat Jesus nie lewendig gesien het nie, maar tog in Sy opstanding sou glo. Hierdie mense sou volgens Jesus, van geluk oorloop.

Vragies vir slim oortjies

- Wat was die vrou se naam aan wie Jesus eerste verskyn het?
- Wat het sy in die graf gesien?
- Wat het Jesus vir Maria gesê om te doen?
- Watter dissipel was nie by die res toe Jesus die eerste keer aan hulle verskyn het nie?
- Wat was sy antwoord toe die ander dissipels hom daarvan vertel?
- Wat het hy gesê toe hy wel vir Jesus sien?

Besprekingspunte

- Hoe moet 'n Christen oor die dood voel? (Nooit dat dit die einde van jou lewe is nie, eerder die begin!)
- Hoekom is ons dan soms so hartseer wanneer iemand dood gaan? (Ons verlang na iemand wat dood is).
- Dink jy Jesus se aardse lyf was regtig dood en was regtig in die graf en het weer regtig springlewendig geword? (Verseker!)
- Hoekom dink jy het Jesus eerste aan 'n vrou verskyn en nie eerste aan een van die belangrike Jode nie? (Om te wys almal is ewe belangrik in Sy oë).
- Waaroor hoef ons NOOIT te twyfel nie? (Dat God by ons is, dat Jesus vir ons sondes gesterf het en dat ons eendag met die ewige lewe by Hulle sal wees).
Matteus 28: 20 sê: "Ek is by julle al die dae tot aan die einde."

Lewensles

Jesus verskyn eerste aan 'n onbelangrike vrou. Deur die eeue heen gebruik God gewone mense om die goeie nuus van Jesus aan ander te vertel. Mense soos ek en jy! Al twyfel ons soms, sal God ons nooit verlaat nie.

Ons gebed vir vandag

Here Jesus, dankie dat ons weet U het waarlik opgestaan uit die graf uit. U is lewendig! Ons Verlosser lewe! Daar is baie stories in die wêreld waaraan ons kan twyfel. Laat ons NOOIT twyfel dat U werklik gesterf het en dat U werklik opgestaan het nie.

Amen

Idees vir VET pret

Ons gaan wit paaseiers versier. Daarna kan julle dit by die huis opeet.

Kreatiewe aktiwiteit

Gebruik oorstokkies en rooi voedselkleursel om die wit paaseiers te versier. Iets wat dood lyk, kan weer lewe! Jesus se bloed het gevloei en ons sondes wit, soos die paaseiers, gewas.

Vers vir die week

Johannes 20: 13 en 14

"Hulle vra toe vir haar: "Mevrou, waarom huil jy?" Sy antwoord hulle: "Omdat hulle my Here weggevat het en ek nie weet waar hulle Hom nou begrawe het nie. Nadat sy dit gesê het, het sy omgedraai en vir Jesus daar sien staan, maar sy het nie geweet dat dit Hy is nie."

Net vir die lekker

Laat al die kinders in 'n kring staan. Die leier speel musiek. Terwyl die musiek speel moet al die kinders dans. As die musiek stop moet die kinders vries. As een beweeg is hy/sy uit en moet die maatjie sit. Speel weer musiek en herhaal tot 'n paar oorbly. Die feit dat Jesus lewe, moet ons laat dans van blydschap.